

## Ubuntu-skoleprogram: **The Girl Effect Camp**

As deel van die Girl Effect Camp wat in 2021 begin is, is amper 40 jong meisies vanuit vier Ubuntu-skole gekies om aan 'n terapeutiese en intensiewe program deel te neem. Die doel van die program is om die leerders met lewensvaardighede toe te rus en te bemagtig.

Die kamp het van 5 Oktober tot 7 Oktober 2022 by Middelpos plaasgevind en is deur die maatskaplike werkers van die Ubuntu-skool gefasilitateer, met 'n professionele sielkundige as die kernfasilitaator. Die meisies het aan innoverende selfbewussynsaktiwiteite en individuele sessies deelgeneem. Hulle kon ook hulle lewensreise en ervarings deel en hoe hulle hierdie ervarings sien en met hulle selfidentiteit in verband bring.

"Ek is baie dankbaar om te kon deel wees van hierdie program want dit het my gehelp om meer selfvertroue te kry," **het een van die leerders wat die kamp bygewoon het, gesê.**



## Instandhouding by Simba VKO-sentrum

Die Simba VKO-sentrum in die Olifantshoek-gemeenskap is deur REISA Solar gekies om ondersteuning in basiese behoeftes te ontvang. Dit vorm deel van REISA se strategie om broodhodige ondersteuning aan VKO-sentrums in die gebied te verskaf om VKO-sentrums te hê wat doeltreffend en toereikend bestuur word, want hulle help om jong kinders vir laerskoolonderrig voor te berei.

As deel van hierdie ondersteuningsprogram het REISA Solar 'n plaaslike diensverskaffer aangestel om 'n watertenk en 'n drukpomp vir die sentrum aan te skaf. Die drukpomp, wat aan die watertoevoerstelsel gekoppel is, voorsien lopende water direk aan die VKO-sentrum. Daarbenewens is opvoedkundige speelgoed in Januarie 2023 aan die sentrum oorhandig.

## Ondernemingsontwikkeling

Frik and Sons, 'n plaaslike KMMO in Kathu, baat by REISA se ondernemingsontwikkelingsprogram, wat ten doel het om plaaslike entrepreneurs van toepaslike besigheidsvaardighede te voorsien om hulle besighede te formaliseer en uit te brei.

Die maatskappy het in 2019 by die program aangesluit en deelgeneem aan 'n reeks klasse om hulle te help om 'n gevestigde besigheid te word. Frik en Seuns het ná drie jaar se deelname aan die program bewys dat hulle een van die mees volhoubare maatskappye is.

"Die fokus van ons besigheid is om aan ons kliënte tydige, kostedoeltreffende en kwaliteitdienste te verskaf. Ons glo dit is die moeite werd om in ons maatskappy te belê en ons wil vir REISA en RAIZCORP bedank dat hulle ons gekies het om deel van hulle program te wees." – Frik en Destiny, die eienaars van Frik en Seuns.



## Welstandsprojek – arbeidsterapiedienste aan laerskole

'n Arbeidsterapiersiens is uitgekontrakteer om die keuringsprosesse vir 50 gekose graad 1-leerders in alle Ubuntu-laerskole in die Gamagara Plaaslike Munisipaliteit te onderneem. Hierdie welstandsprojek vorm deel van REISA se Ubuntu-skole se tussenkomssprogram deur maatskaplike werkers.

Die program se doel is om faktore te identifiseer wat leerders keer om doeltreffend te leer. Die eerste fase van hierdie projek is voltooi deur leerders te assesseer om vas te stel watter tussenkomsmetodes uitgevoer sal word om leerhindernisse te hanteer.


Die rol van die arbeidsterapeut sal wees om riglyne te gee oor terapie-initiatiewe om akademiese prestasie te verbeter en om ouers te leer hoe om hulle kinders met spesiale behoeftes beter te verstaan.

## 📅 2023 Gemeenskaps-vergaderings

Besonderhede oor die volgende gemeenskapsvergadering sal op REISA se aanlynplatforms deurgegee word.

## Kwartaal 4 2022

- Ondernemingsontwikkeling
- Opvoeding
- Jeugvaardigheidsontwikkeling
- Welsyn



## Kontak Ons

REISACommunity

Dynlog Bestuurontwikkeling Gebou  
Blok B, Grondvloer, Kantoor 1  
Kameeldoring Besigheidsone, Kathu, 8446

**Kantoorure:**  
Maandag – Donderdag: 08:00 – 16:30  
Vrydag: 08:00 – 15:00  
Kantoor | 053 723 1146

**Gemeenskapskakelbeample**  
Nomfundo Mpombo  
Office | 053 723 1146  
Nomfundo.mpombo@eimsafrica.com